4. Die toename in die totale vraag het nie slegs tot 'n groter vraag na krediet en kapitaal geleei nie, maar ook deur sy invloed op binnelandse besparing die groei in die aanbod van fondse in die geld- en kapitaalmarkte beperk. Gevolglik het 'n groeiende wanbalans tussen die vraag na en aanbod van fondse in hierdie markte ontwikkel, wat deur die netto uitvloeiing van fondse wat in die betalingsbalans aangeteken is, vererger is. Die geld- en kapitaalmarkte het progressief vernou en rentekoerse, insluitende deposito- en ander beheerde rentekoerse, het sterk opwaarts beweeg. Die algemene skaarste aan fondse het ook geleei tot aktiewe mededwinging tussen depositonemende en verwante instellings. Bankinstellings in die besonder het gedurende die tweede kwartaal aggressief om deposito's meegebring, vanweë die noodsaaklikheid om hulle likwiede batebesit op te bou en om aan die sterk vraag na bankkrediet te voldoen.

5. Alhoewel die bankkrediet aan die private en regeringsektore gedurende die tydperk April tot Julie 1974 voortgegaan het om teen 'n hoë koers te styg, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedaal. Dit was hoofsaaklik die gevolg van 'n aansienlike afname in die netto goud- en ander buitelandse reserwes en 'n buitengewoon groot toename in langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor gedurende die tweede kwartaal van die jaar. Ongeveer die helfte van die groot toename in die krediet van die banksektor aan die private sektor is egter verklaar deur die Landbank. Kredietverlening deur die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoopbanke het in werklikheid gedurende Julie vir die eerste keer sedert Julie 1972 gedaal. Gedurende die tydperk April tot Julie het die monetêre bankinstellings hulle likwiditeitsposisie verbeter vanaf 'n tekort tot 'n klein oorskot in hulle besit aan vereiste likwiede bates.


Nasionale rekening

Die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse het gedurende die tweede kwartaal van 1974 opmerklik verder toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van aansienlike toenames in die bruto bedryfsurplus van die sektore landbou, goudmynbou, fabriekswese en die handel. Ofskoon die huidige hoë inflasiekoers in die groter bedryfsurplusse weerspieël is, het die volume van produksie van die betrokke sektore, met uitsondering van die goudmynbousektor, ook opmerklik toegeneem. Gevolglik het die reële ekonomiese groeikoers gedurende die tweede kwartaal van 1974 versnel, nadat dit gedurende die voorafgaande twee kwartale effens gedaal het vanaf die hoë vlak wat in die derde kwartaal van 1973 bereik is.

Bruto binnelandse produk




Bruto binnelandse besteding teen konstante 1963-pryse



Die versnelling in ekonomiese bedrywigheid gedurende die tweede kwartaal van 1974 het uit 'n toename in die binnelandse vraag sowel as 'n toename in uitvoere voortgespruit. Soos gewoonlik gedurende tydperke van vinnige ekonomiese uitbreiding die geval is, het die binnelandse vraag teen 'n vinniger koers as die binnelandse aanbod toegeneem, en gedurende die afgelope drie kwartale het die bruto binnelandse besteding in werklikheid die bruto nasionale produk in aansienlike mate oorskry. Hierdie ontwikkeling is in 'n groterwordende tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël en gedurende die tweede kwartaal van 1974 was die tekort aansienlik groter as gedurende die eerste kwartaal.

In vergelyking met die eerste kwartaal het al die komponente van die bruto binnelandse besteding tot die hoër koers van toename gedurende die tweede kwartaal bygedra. In die geval van die reële private verbruiksbesteding was die uitgawes aan duursame goedere, en in die besonder aan motors, hoofsaaklik vir die hoër koers van toename verantwoordelik. Die besteding aan klerasie en skoeisel het egter in reële terme op 'n hoëvlak afgeplat. Die owerheidsverbruiksbesteding, wat gedurende die laaste kwartaal van 1973 en die eerste kwartaal van 1974 traag gebly het, het gedurende die tweede kwartaal baie vinnig gestyg, hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike toename in die besteding aan goedere en dienste, uitgesonderd vergoeding van werknelmers.

Die herlewning van die totale vaste investering, wat in die derde kwartaal van 1973 begin het, het gedurende die tweede kwartaal van 1974 aansienlike stukrag gekry. Vaste investering deur die private sektor, veral dié aan vervoertoerusting, masjinerie en ander toerusting deur die landbou en die fabriekswese, was in hoofsaak vir die hoër koers van toename verant-



woordelik. Die private vaste investering teen heersende pryse was gedurende die tweede kwartaal 30 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende kwartaal van 1973. In die geval van die private fabriekswese was die reële vaste kapitaalvoorraad, d.w.s. nadat voorstiening gemaak is vir prysstygings en waardevermindering, aan die einde van die tweede kwartaal byvoorbeeld ongeveer 11 persent hoër as aan die einde van die ooreenstemmende kwartaal van 1973. Vaste investering deur openbare owerhede het, nadat dit gedurende die eerste kwartaal skerp gestyg het, gedurende die tweede kwartaal in werklikheid effens afneem, as gevolg van 'n vermindering in die kapitaaluitgawes aan paaie, brûe en geboue deur provinsiale administrasies. Vaste investering deur openbare korporasies het egter nadat dit gedurende die eerste

kwartaal afgeneem het, gedurende die tweede kwartaal sterk toegeneem en ongeveer dieselfde hoë vlak as in die vierde kwartaal van 1973 bereik.


Die voorraadinvestering het gedurende die laaste kwartaal van 1973 en die eerste helfte van 1974 aansienlik toegeneem. Die opmerklike verdere toevoeging tot voorrade gedurende die tweede kwartaal van 1974 was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in nywerheids- en handelsvoorraade.

Die bruto binnelandse besparing het op 'n hoëvlak gebly, maar het nietemin gedurende die tweede kwartaal van 1974 ietwat afgeneem en was onvoldoende om die totale vaste en voorraadinvestering te finansier. Gevolglik was buitelandse fondse nodig om die binnelandse besparing aan te vul, maar as gevolg van 'n werklike uitvloei van buitelandse kapitaal moes die goud- en ander buitelandse reserwes in aansienlike mate aangewend word. Die afname in die binnelandse besparing was die netto resultaat van afnames in maatskappybesparing en die lopende surplus van die algemene owerheid, bykans geen verandering in die persoonlike besparing nie, en 'n matige toename in die voorsiening vir waardevermindering. Maatskappybesparing en die lopende surplus van die algemene owerheid was nietemin nog steeds op 'n hoëvlak, terwyl persoonlike besparing op 'n baie lae vlak gebly het.

Produksie, handel en werkverskaffing

Nieteenstaande die versnelling in die koers van toename in die reële ekonomiese bedrywigheid gedurende die tweede kwartaal van 1974, word daar verwag dat die koers van toename in die nie-goudmynbouproduksie sal neig om op 'n hoëvlak af te plat, as gevolg van die bestaande hoëvlak van produksiekapasiteitsbenutting en die strammer toestand op die kapitaal- en arbeidsmark. Die fabrieksproduksie, wat vanaf November 1973 tot Maart 1974 afgeplat het, het gedurende die tweede kwartaal van 1974 taamlik skerp toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van hoë produksie deur die nywerhede wat basiese metale, metaalprodukte, vervoertoerusting, tekstiele, klerasie en drank vervaardig. Gedurende die eerste helfte van 1974 was die fabrieksproduksie 4,8 persent hoër as gedurende die tweede helfte van 1973. Voorlopige aanduidings is dat die nie-goudmynbouproduksie, wat tot die einde van Maart 1974 'n soortgelyke neiging as die fabrieksproduksie getoon het, ook gedurende die tweede kwartaal 'n aansienlike toename getoon het. Gedurende die eerste ses maande van 1974 was die maandelikse gemiddelde vlak van die nie-goudmynbouproduksie 2,5 persent hoër as gedurende die tweede helfte van 1973. Die goudmynproduksie het ietwat toegeneem vanaf die laevlak wat in Maart 1974 bereik is, maar die produksie gedurende die tweede kwartaal was nogtans 2,4 persent laer as in die eerste kwartaal.

Fisiese volume van produksie




Volgens aanwysers soos die aantal ure gewerk deur produksiewerkers, oortyd as 'n persentasie van gewone ure gewerk, en groothandelsverkope van boumateriaal teen konstante pryse, het bou- en konstruksiebedrywigheid gedurende die eerste vyf maande van 1974 op die hoëvlak gebly wat teen die einde van 1973 bereik is. Dit wil egter voorkom of die skaarste aan arbeid en kapitaal, tesame met die hoëkoers van toename in die koste van kapitaal en boumateriaal, 'n verdere betekenisvolle toename in hierdie bedrywigheid belemmer.

Toestande in die groot-, klein- en motorhandel het gedurende die tweede kwartaal van 1974 lewendig gebly. Aansienlike verdere stygings is aangeteken in groot- en kleinhandelsverkope teen konstante pryse en in die aantal nuwe motorvoertuie verkoop. Maar terwyl die groothandelsverkope teen konstante pryse en die nuwe motorvoertuie verkoop voortgegaan het om te styg gedurende die tweede kwartaal, en in die geval van motorvoertuie tot Julie, het die kleinhandelsverkope teen konstante pryse in Mei en Junie gedaal vanaf die hoëvlak wat in April 1974 bereik is. 'n Skerp afname was veral opmerklik in die volume van die kleinhandelsverkope van meubels en huishoudelike toebehore sedert Januarie 1974.

As gevolg van die volgehoue groei wat sedert die vierde kwartaal van 1972 aangeteken is, het die

arbeidstoestand in toenemende mate strammer geword. Die verhouding van oortyd tot gewone ure gewerk in die fabriekswese- en konstruksiesektor is tans op 'n hoë vlak en die geregistreerde aantal werklose Blankes, Kleurlinge, en Asiërs het voortgegaan om tot aan die einde van Julie 1974 te daal. Die seisoensaangesuiwerde aantal werkloses in Julie, naamlik 7 705, is die laagste syfer wat gedurende die na-oorlogse tydperk aangeteken is en gesien in die lig van die konstante toename in werkverskaffing, gee dit 'n aanduiding van die stramheid van die arbeidsmark.

Algemene ekonomiese aanwysers



Pryse

Nadat dit gedurende sowel die vierde kwartaal van 1973 as die eerste kwartaal van 1974 op ongeveer dieselfde hoëvlak gebly het, het die koers van toename in die seisoensaangesuiwerde *verbruikersprysindeks* in die tweede kwartaal taamlik skerp versnel. Hierdie versnelling was hoofsaaklik die gevolg van skerp toenames in voedselprysse, alhoewel die prys van meubels, klerasie en skoeisel ook aansienlik gestyg het. Vanweë verhogings van verbandkoerse en eindomsbelasting, het die koers van toename in behuisingskoste, en gevoglik in die prys van dienste, ook gedurende die eerste sewe maande van 1974 begin versnel. Vanaf Julie 1973 tot Julie 1974 het verbruikerspryse met nie minder nie as 12,0 persent gestyg, terwyl voedselprysse 'n styging van 17,1 persent aangeteken het.

Verbruikerspryse

Persentasiekous van verandering in seisoensaangesuiwerde indekse

	3e kw. 1973 tot 4e kw. 1973	4e kw. 1973 tot 1e kw. 1974	1e kw. 1974 tot 2e kw. 1974	Julie 1973 tot Julie 1974
Dienste	1,6	1,8	2,3	8,4
Behuising	1,3	1,9	3,4	9,2
Ander	2,3	1,5	0,3	6,8
Goedere	3,3	3,0	3,3	14,2
Voedsel	4,5	1,3	3,9	17,1
Meublement en toerusting	1,7	3,2	3,6	11,1
Klerasie en skoeisel	2,4	4,3	4,7	14,9
Ander	2,9	5,4	2,5	13,9
Totaal	2,6	2,6	2,9	12,0

Tussen Julie 1973 en Julie 1974 het die *groothandelspryse* van goedere vir binnelandse gebruik met 19,3 persent gestyg. Die koers van toename van groothandelspryse van Suid-Afrikaans-geproduseerde goedere, wat gedurende die voorafgaande vier kwartale teen 'n betreklik konstante koers gestyg het, het in die tweede kwartaal van 1974 versnel. Hoë prysse van landbouprodukte en vervaardigde basiese metale en voedselprodukte was hoofsaaklik vir hierdie versnelling in die koers van toename verantwoordelik. Die koers van toename in die prys van ingevoerde goedere het sy stygende neiging in die tweede kwartaal voortgesit en tussen die eerste en tweede kwartale van 1974 teen 'n jaarkoers van nie minder nie as 26,2 persent gestyg.

Groothandelspryse

Persentasiekoers van verandering in seisoensaangesuiwerde indekse.


	3e kw. 1973 tot 4e kw. 1973	4e kw. 1973 tot 1e kw. 1974	1e kw. 1974 tot 2e kw. 1974	Julie 1973 tot Julie 1974
Goedere geproduseer in Suid-Afrika	3,6	3,4	5,1	18,9
Landbou, bosbou en vissery	5,1	-0,5	8,0	18,0
Fabriekswese	3,3	4,4	4,6	19,9
Drank en tabak	1,2	1,7	-2,2	8,5
Tekstiele, klerasie en skoeisel	5,9	6,0	5,1	23,6
Basiese metale en metaalprodukte	2,8	4,2	6,0	25,3
Masjinerie en vervoertoerusting	1,7	2,9	2,7	10,2
Voedsel	4,4	2,3	5,6	19,2
Ander	3,2	3,4	3,2	9,4
Ingevoerde goedere	3,7	4,7	6,0	20,8
Totaal	3,6	3,8	5,2	19,3

Betalingsbalans


Die totale betalingsbalans het vanaf 'n oorskot van R80 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1974 na 'n tekort van R142 miljoen gedurende die tweede kwartaal verander. Hierdie verandering is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n omkering van buitelandse kapitaalbewegings vanaf 'n groot netto invloeiing na 'n klein uitvloeiing van kapitaal. Daarbenewens was daar ook 'n toename in die tekort op lopende rekening. Die tekort het vanaf R63 miljoen in die eerste kwartaal tot R105 miljoen in die tweede kwartaal toegeneem, maar teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers was daar 'n opvallende toename vanaf R138 miljoen tot R763 miljoen. Hierdie groter tekort op die lopende rekening was die gevolg van 'n aansienlike toename in goedere-invoere en netto dienstebetalings, wat die opmerklike toename in uitvoere en 'n verdere klein styging in die waarde van die netto goudproduksie meer as geneutraliseer het.

Goedere-invoere het gedurende die tweede kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 28 persent tot R5 716 miljoen toegeneem. Die hoofbydraes tot hierdie toename is deur die invoer van mineraalprodukte, masjinerie en elektriese toerusting, chemiese produkte, vervoertoerusting, tekstiele en plastiekproduktes gemaak. Netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld het in die tweede kwartaal met 20 persent toegeneem, hoofsaaklik vanweë 'n skerp styging in rentebetalings aan buitelanders en 'n klein afname in dividende ontvang op buitelandse beleggings.


Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



Totale kapitaalbewegings



Goedere-uitvoere het gedurende die tweede kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 26 persent tot R3 358 miljoen toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van toenames in die uitvoer van diamante, mielies en suiker. Die seisoensaangesuiwerde waarde van die netto goudproduksie het gedurende die tweede kwartaal met slegs 3 persent toegeneem, ten spyte van 'n toename van 9,3 persent in die gemiddelde prys van goud op die Londense mark. Die lae koers van toename in die netto goudproduksie was te wyte aan 'n afname in die volume van die goudproduksie. Die waarde van die netto goudproduksie gedurende die eerste helfte van 1974 was nogtans 32 persent hoër as gedurende die tweede helfte van 1973.

'n Klein netto buitelandse kapitaaluitvloeiing van R37 miljoen is gedurende die tweede kwartaal aangeteken, teenoor 'n netto invloeiing van R143 miljoen in die eerste kwartaal. Hierdie verandering is deur 'n afname in die invloeiing van langtermynkapitaal en 'n verdere uitvloeiing van korttermynkapitaal teweeggebring. 'n Afname in die buitelandse lenings deur openbare korporasies, wat die toename in die buitelandse leningsverpligtings van die Suid-Afrikaanse Spoerwee meer as geneutraliseer het, was hoofsaaklik vir die afname in die invloeiing van langtermynkapitaal verantwoordelik. Indien die buitelandse lenings van openbare korporasies uitgesluit word, was daar ook 'n klein netto uitvloeiing van ander private langtermynkapitaal. Die feit dat rentekoerse in Suid-Afrika laer was as in die meeste ander lande, het voortgegaan om 'n uitvloeiing van private korttermynkapitaal aan te moedig. Daarbenewens is 'n uitvloeiing van korttermynkapitaal ook deur die sentrale regering en banksektor ondervind. Die uitvloeiing van private korttermynkapitaal gedurende die eerste helfte van 1974 was nogtans aansienlik kleiner as die uitvloeiing wat gedurende die tweede helfte van 1973 aangeteken is.

Die netto resultaat van die betalingsbalans-transaksies en waardasieaansuiwerings op die reserwes was 'n afname van R139 miljoen in die goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die tweede kwartaal, naamlik tot 'n vlak van R929 miljoen aan die einde van Junie 1974.

Volgens die maandelikse handelsyfers wat deur die Departement van Doeane en Aksyns vrygestel is, was daar 'n skerp toename in sowel goedere-invoere as -uitvoere gedurende Julie. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het invoere vanaf R5 149 miljoen in Junie tot R5 465 miljoen in Julie toegeneem, terwyl uitvoere 'n toename vanaf R2 965 miljoen tot R3 642 miljoen getoon het. Voorlopige gegewens duif daarop dat buitelandse lenings deur openbare korporasies gedurende Julie vir 'n aansienlike invloeiing van langtermynkapitaal verantwoordelik was. Bowendien het die rentekoersverskille tussen Suid-Afrika en ander lande gedurende Julie en Augustus aansienlik

vernou en dit word verwag dat dit 'n invloeiing van private kapitaal sal aanmoedig. Die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank het nogtans gedaal vanaf R777 miljoen aan die einde van Junie tot R734 miljoen op 6 September, wat 'n verdere tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans sedert die middel van die jaar weerspieël.

Sedert die beleid van beheerde swewing van die rand op 21 Junie 1974 aanvaar is, is die vaste wisselkoers tussen die rand en die Amerikaanse dollar by vyf geleenthede aangepas. Na 'n matige appresiasie op 24 Junie 1974 het die volgende drie aanpassings effektiief die waarde van die rand gedepresieer, terwyl die laaste, op 11 September, weer 'n appresiasie meegebring het. Tesame het hierdie aanpassings geleid tot 'n effektiewe depresiasie in die waarde van die rand van 2,0 persent vanaf 21 Junie tot 11 September in verhouding tot die geldeenheid van Suid-Afrika se handelsvennote.


Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld en banklikwiditeit


Die toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld, wat gedurende die kalenderjaar 1973 23 persent beloop het en gedurende die eerste kwartaal van 1974 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 29 persent bereik het, het gedurende die tweede kwartaal van 1974 tot 'n koers van net meer as 12 persent en gedurende die tydperk April-Julie tot effens minder as 11 persent gedaal. Die verdere styging in geld en kwasi-geld gedurende hierdie tydperk van vier maande is weer eens byna uitsluitend deur 'n baie groot verdere uitbreiding van bankkrediet aan die private sektor (R528 miljoen, seisoensinvloed uitgeskakel), en aan die regeringsektor (R213 miljoen), verklaar, waarby laasgenoemde toename hoofsaaklik 'n weerspieëling was van 'n afname van meer as R400 miljoen in regeringsdeposito's by die banksektor gedurende die tweede kwartaal van die jaar. Die ekspansionistiese uitwerking van hierdie verlening van bankkrediet op die hoeveelheid geld en kwasi-geld is egter gedeeltelik geneutraliseer deur 'n aansienlike daling in die netto goud- en ander buitelandse reserwes (R234 miljoen) en deur 'n buitengewoon groot toename in die bedrag van die langtermyndeposito's van die private sektor (R264 miljoen). Indien kwasi-geld uitgesluit word, het die geldhoeveelheid gedurende die tydperk van April tot Julie in werklikheid ietwat gedaal, nadat dit gedurende die eerste kwartaal van die jaar teen 'n buitengewoon hoë jaarkoers van ongeveer 46 persent toegeneem het.

Die meer onlangse ontwikkelings gedurende Julie het egter in verskeie opsigte van dié gedurende die tweede kwartaal verskil. Die toenames in bankkrediet aan die private en regeringsektore, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, was klein volgens onlangse standarde. Terselfdertyd was die verdere daling in die

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



netto goud- en ander buitelandse reserwes aansienlik kleiner as die maandelikse gemiddelde gedurende die tweede kwartaal, terwyl die langtermyndeposito's min verandering getoon het.

Die totale eise van die monetêre banksektor teen die private sektor het gedurende die tydperk van vier maande vanaf April tot Julie teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 28 persent gestyg, in vergelyking met 25 persent gedurende die eerste kwartaal, netwat meer as R200 miljoen van die totale toename in die eise van die banksektor teen die private sektor van R434 miljoen (seisoensinvloed nie uitgeskakel nie) gedurende die tweede kwartaal en Julie 1974 is egter verklaar deur 'n opmerklike stygging in die kaskredietvoorskotte van die Landbank. Die stygging in die eise teen die private sektor van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke gedurende die tweede kwartaal van 1974 en Julie het minder as die helfte van die totale toename in die eise van die banksektor teen die private sektor beloop, terwyl dit gedurende die voorafgaande 18 maande min of meer deurlopend die totale toename in alle eise van die banksektor teen die private sektor oorskry het. Ná betreklik aansienlike stygtings gedurende April en Mei 1974 en 'n groot stygging gedurende Junie, het die eise teen die private sektor van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke gedurende Julie in werklikheid met R70 miljoen gedaal, die eerste sodanige daling sedert Julie 1972.

Vanaf 'n negatiewe syfer van R64 miljoen, of 0,8 persent van die totale verpligtings teenoor die publiek aan die einde van April 1974, het die oorskotbesit aan likwiede bates van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke daarna betreklik bestendig gestyg. Aan die einde van Julie het die gesamentlike besit aan oorskot-likwiede bates van hierdie banke R123 miljoen of 1,4 persent van hul totale verpligtings teenoor die publiek bedra.

Die handelsbanke het hul likwiditeitsposisies verbeter vanaf 'n tekort in hul vereiste likwiede batebesit van R74 miljoen aan die einde van April tot 'n oorskotbesit aan likwiede bates van R94 miljoen aan die einde van Julie. Dit was in 'n beduidende mate 'n weerspieëeling

Oorskotte of tekorte aan likwiditeit van monetêre bankinstellings, 1974

	April	Mei	Junie	Julie
Handelsbanke	-1,4	0,1	0,4	1,6
Aksepbanke	0,1	3,3	4,0	1,8
Monetêre huurkoop- en algemene banke	0,5	0,6	0,2	0,5
Totaal:				
Verhouding	-0,8	0,6	0,8	1,4
Bedrag van oorskot of tekort (-) (Rm) . . .	-64	52	69	123

van die verlenging van die gemiddelde onverstreke looptyd van die banke se verpligtings teenoor die publiek, as gevolg van hul meer aggressiewe mededwinging om termyndeposito's en die uitreiking van verhandelbare depositosertifikate. So het die banke se totale verpligtings teenoor die publiek vanaf die einde van Februarie 1974 tot die einde van Junie met ongeveer 6 persent toegeneem, terwyl die dienooreenkomsige toename in hul vereiste likwiede batebesit vanaf die einde van Maart tot die einde van Julie minder as een persent bedra het. Hierbenewens het die banke gedurende hierdie tydperk egter 'n opmerklike stygging in hul werklike besit aan likwiede bates ondervind, onder andere vanweë 'n vinnige toename gedurende Julie in die krediet wat deur die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie aan die Landbank verleen is.


Toestand op die geldmark en rentekoerse

Gedurende die tydperk Mei tot Augustus was daar 'n algemene verruiming van die geldmark, met uitsondering van 'n kortstondige vernouing teen die einde van Junie en in die eerste deel van Julie, en van die verwagte seisoenale vernouing oor die maandeinde van Augustus. Onder hierdie omstandighede het die akkommodasie van die Reserwebank aan die banke en die diskontohuise, in die vorm van oortrekkings en lenings aan die banke plus oornag-lenings en die verdiskontering van skatkiswissels deur die diskontohuise, betreklik beperk gebly. Aan die einde van Augustus het die Bank se akkommodasie aan die banke en die diskontohuise, wat op betreklik gunstige voorwaardes toegestaan is, egter 'n hoogtepunt van R207 miljoen bereik.

In ooreenstemming met die konserwatiewe beleid wat deur die monetêre owerhede gevolg is, het korttermynrentekoerse gedurende hierdie tydperk nog steeds 'n sterk opwaartse neiging getoon. Die Bankkoers is op 1 Junie van 6,5 na 7,5 persent en op 14 Augustus na 8 persent verhoog. Die maksimum depositorentekoerse, soos dit deur die rentekoersbeheerregulasies vasgestel word, is op dieselfde datums verhoog, waarby laasgenoemde verhoging geleei het tot 'n maksimum van 10 persent op deposito's van 24 maande of langer. Met ingang 14 Augustus is deposito's van meer as R250 000 van die rentekoersbeheer vrygestel. Die handelsbanke het hul prima-oortrekkingskoers met ingang 1 Junie vanaf 9 na 10 persent en met ingang 16 Augustus tot 10,5 persent verhoog. Die koers wat in werklikheid van die banke se kliënte gehef word, het egter vanaf 1 Augustus gestrek vanaf 'n minimum van 11 persent tot 13,5 persent.

Die koers op bankaksepte van drie maande het stapsgewys vanaf 7,5 persent in die middel van Mei tot 11 persent vanaf 9 Augustus gestyg. Die koers op VDS-e van 90 dae het skerp gestyg vanaf 9,0 persent op 17 Mei tot 14,25 persent op 30 Augustus. Die skatkiswissel-tenderkoers, wat op 17 Mei 'n

Geldmarkrentekoerse



laagtepunt van 4,76 persent bereik het, het ná die verhoging van die Bankkoers op 1 Junie tot 5,72 persent en ná die Bankkoersverhoging van 14 Augustus tot 6,31 persent gestyg. Soos deur die Minister van Finansies in sy Begrotingsrede op 14 Augustus aangekondig is, is die maksimum finansieringsheffing wat kragtens die Wet op die Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste op alle geldlenings van meer as R400 toegelaat word, vanaf 12 tot 14 persent verhoog.

Staatsfinansies

Die sterk opwaartse neiging in inkomste-ontvangste gedurende die fiskale jaar 1973/74 het gedurende die tweede kwartaal van 1974 voortgeduur. Groter inkomstebelastinginvorderings, en in 'n mindere mate ontvangste van doeane- en aksynsregte, was hoofsaaklik vir die hoë peil van die inkomste-ontvangste verantwoordelik. Die skatkisuitreikings, alhoewel heelwat hoër as gedurende die ooreenstemmende kwartaal van 1973, het gedurende die tweede kwartaal feitlik op dieselfde peil gebly as gedurende die eerste kwartaal van 1974, indien seisoensfaktore buite rekening gelaat word. Gevolglik het die seisoensaangesuiwerde skatkistekort gedurende die tweede kwartaal afgeneem, soos wat ook gedurende die eerste kwartaal die geval was.

Die werklike skatkistekort van R130 miljoen is gefinansier deur toenames van R72 miljoen in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor en van R58 miljoen in sy skuldposisie teenoor die nie-banksektor. Die Staatsskuldkommissaris het R49 miljoen bygedra tot die bedrag aan lenings wat in die nie-banksektor opgeneem is. Die toename in die netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor was die netto resultaat van 'n afname van R188 miljoen in regeringsdeposito's en 'n afname van R116 miljoen in hierdie sektor se besit aan staatskuldbewyse.

Gedurende Julie het die skatkisontvangste die uitreikings met R97 miljoen oorskry en hierdie surplus is weerspieël in 'n toename van R115 miljoen in die skatkissaldo. Hierdie saldo het in Augustus 'n verdere seisoenale toename van R144 miljoen getoon, gedeeltelik as gevolg van inkomstebelastingbetalings deur goudmynmaatskappye en ander voorlopige belastingbetalers. Netto buitelandse lenings deur die sentrale regering van R20 miljoen het ook tot die toename in skatkisdeposito's gedurende Julie en Augustus bygedra. In die Begroting vir 1974/75 wat op 14 Augustus aan die Parlement voorgelê is, het die Minister van Finansies 'n groter gebruik van buitelandse lenings as 'n metode van finansiering van Leningsrekening-uitgawes en verbetering van die kapitaalrekening van die betalingsbalans in die vooruitsig gestel. Gedurende die eerste vyf maande van die huidige fiskale jaar, dit wil sê vanaf April tot Augustus 1974, het die buitelandse fondse wat deur die sentrale regering opgeneem is R73 miljoen bedra, teenoor aflossings van buitelandse lenings tot 'n bedrag van R45 miljoen.

Die Begroting vir 1974/75

By die voorlegging van die Begroting vir 1974/75 was die Minister van Finansies van oordeel dat die heersende en verwagte ekonomiese toestande beleidsmaatreëls vereis wat op vier oogmerke gerig moet wees, naamlik die handhawing van 'n bevredigende groeikoers, die behoud van ekonomiese stabiliteit en


in die besonder die betrekking van inflasie, die verstrekking van die betalingsbalans, en verligting van die uitwerking van inflasie op die gemeenskap. Om hierdie doelstellings te verwesenlik, is verskeie maatreëls getref om die produktiwiteit en produksie vir die plaaslike en uitvoermarkte te verhoog. Voorstelle is gemaak om die kapitaalrekening van die betalingsbalans te verstrek, soos groter lenings deur die regering in buitelandse finansiële markte en die vergemakliking van die aangaan van buitelandse lenings deur die private sektor. Verskeie belastingtoegewings is gemaak, insluitende 'n vermindering van die verkoopreg op meer noodsaklike goedere, sosiale en siviele pensioene is verhoog en sekere subsidies is verhoog. Met die oog op ekonomiese stabilisasie is die surplus op die Inkomsterekening van die vorige jaar nie aangewend om uitgawes te finansier of belastings te verminder nie, maar in plaas daarvan is R200 miljoen van die surplus van R319 miljoen na die Stabilisasierekening oorgeplaas.

Daar word voorsien dat die ontvangste op die Inkomste- en Leningsrekening gedurende 1974/75 met ongeveer 20 persent tot R4 869 miljoen sal styg. Die uitgawes gedurende die lopende fiskale jaar word geraam op R5 502 miljoen, of 23 persent meer as gedurende die voorafgaande jaar, wat 'n tekort van R633 miljoen sal laat. Indien die aflossing van lenings in aanmerking geneem word, word geraam dat die Tesourie se leningsbehoefte R1 146 miljoen sal bedra, waarvan R812 miljoen in die binnelandse finansiële mark en R334 miljoen in die buitelandse markte geleent sal word.

Kapitaalmark

Die vernouing van die toestand op die kapitaalmark vanaf ongeveer die derde kwartaal van 1973 het gedurende die tweede en tot in die derde kwartaal van 1974 voortgeduur. Hierdie verloop is in die mark vir vaste-rentedraende effekte in 'n verdere opwaartse beweging van rentekoerse en 'n wanbalans tussen die vraag na en aanbod van fondse weerspieël. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte is op 1 Junie vanaf 8,25 tot 8,50 persent, op 12 Julie tot 9,25 persent, en op 14 Augustus verder tot 9,75 persent verhoog. Gedurende die tydperk van vier maande vanaf April tot Julie 1974 het die oorheersende koers op langtermynsemi-prima-effekte en maatskap-pyskuldbriewe onderskeidelik toegeneem vanaf 9,1 tot 10,3 persent en vanaf 9,75 tot 11,75 persent. Nieteenstaande die skerp styging in rentekoerse, moes sommige nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte wat vir Junie en Julie beplan was, as gevolg van die beperkte aanbod van fondse afgestel of uitgestel word. Die onvoldoende aanbod van fondse was die gevolg van die algemene skaarste aan fondse in die finansiële mark, 'n terughouding van beleggings vanweë verwagtings van verdere stygings in rentekoerse, hoë


Opbrengskoerse



het gedurende Mei en Junie gedaal, maar gedurende Julie weer gestyg. Die effektebeursbedrywigheid het dienooreenkomsdig afgeneem en was gedurende die tydperk van Mei tot Julie gemiddeld ongeveer 50 persent laer as gedurende die eerste vier maande van 1974. As gevolg van 'n toename in dividendbetalings, voortspruitende uit hoér maatskappywinste, en die daling van aandelepryse, het dividendopbrengskoerse gedurende die tweede kwartaal en Julie opmerklik toegeneem. Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het aan die einde van Julie 7,0 persent bedra, vergeleke met 5,0 persent aan die einde van die eerste kwartaal.

Die vloei van fondse na bankinstellings, bouverenigings en deelnemingsverbandskemas in die vorm van toenames in spaar- en langtermyndeposito's (met insluiting van verhandelbare depositosertifikate), bouverenigingaandele en beleggings in deelnemingsverbande, het gedurende die tweede kwartaal van 1974 aansienlik toegeneem tot R454 miljoen, vergeleke met R169 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Die groter invloeiing van fondse was die gevolg van 'n skerp toename in die vloei van langtermynfondse na bankinstellings wat gedurende die tweede kwartaal baie aktief om fondse meegeding het. Die vloei van fondse na die bouverenigings het opmerklik afgeneem, terwyl dié na die deelnemingsverbandskemas effens afgeneem het. 'n Deel van die toename in langertermynfondse by die bankinstellings het 'n verskuiwing vanaf kortertermyndeposito's verteenwoordig, maar 'n groot gedeelte daarvan het uit netto uitgifte van verhandelbare depositosertifikate voortgespruit.

Vloei van fondse na bankinstellings en bouverenigings*



rentekoerse op korter termynbeleggings en -deposito's, en die vroeëre voldoening van institusionele beleggers aan die wetlike beleggingsvereistes, ingevolge waarvan 'n minimum belegging in prima- en semi-prima-effekte in stand gehou moet word. As gevolg van die stram binnelandse mark, moes groot leners soos die openbare korporasies die meeste van hul leenbedrywigheide na buitelandse markte verskuif. Netto buitelandse lenings deur die openbare korporasies het gedurende die tweede kwartaal R56 miljoen bedra, vergeleke met R139 miljoen gedurende die eerste kwartaal, terwyl 'n verdere bedrag van R82 miljoen gedurende Julie opgeneem is. Individuele maatskappye in die private sektor moes ook fondse op die buitelandse kapitaalmark bekom.

Na 'n tydelike herstel van aandelepryse gedurende die eerste vier maande van 1974, het die prys van alle klasse aandele, met uitsondering van goudmynaandele, gedurende die daaropvolgende drie maande afwaarts beweeg. Selfs die prys van goudmynaandele, wat vanaf die einde van 1971 sterk gestyg het,

As gevolg van die tekort in die aanbod van deposito-tipe fondse in verhouding tot die vraag en die sterper mededinging vir fondse, het die opwaartse druk op deposito-rentekoerse aansienlik sterker geword. Gevolglik is die beheerde maksimumkoerse vir verskeie klasse deposito's en bouverenigingaandele (uitgesonderd subskripsie- en belastingvrye aandele) op 1 Junie met 1,5 persent verhoog. Die koerse op subskripsie- en belastingvrye aandele is terselfdertyd met 1 persent verhoog. Op 14 Augustus is rentekoersbeheer ten opsigte van individuele deposito's wat R250 000 oorskry en individuele bedrae van meer as R250 000 wat aangeneem word vir belegging in deelnemingsverbandskemas of in skuldbriewe wat deur die instellings uitgegee word vir die doel om krediet aan die publiek te verleen, opgehef. Interbank-deposito's is gedurende Junie vrygestel van rentekoersbeheer en hierdie vrystelling is in Augustus uitgebrei om ook deposito's wat bankinstellings en bouverenigings van mekaar aanvaar, in te sluit.

Die algemene wanbalans tussen die vraag na en die aanbod van fondse het ook tot die verbandmark uitgebrei. Die aanbod van verbandvoorskotte deur bouverenigings het verminder as gevolg van die kleiner invloeiing van fondse. Die verenigings het ook, as gevolg van die hoër leenkoerse, gedurende Junie besluit om die verbandkoers op woonhuise vanaf 9,25 tot 10,50 persent en dié op ander verbande vanaf 10,00 tot 11,25 persent te verhoog. Die koers op deelnemingsverbande is ook in Julie vanaf 9,6 tot 11,2 persent verhoog.